
UITGAWE 4 | JAARGANG 22 | 1 MAART 2024



# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## LYDENSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**ONDERSTEUNING**
**Helpmekaar Vrystaat Beursfonds** | *Die Helpmekaar Beursfonds - saam maak ons 'n verskil*

## 05 ARTIKELS

**VISIONERING**
**Taakspan Vrouebediening** | *"Ons sien weer kans vir die lewe en al sy uitdagings ..."*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**RFF (Deel 5 van 7)** | *Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | *Kan Jesus God wees as Hy oënskynlik afhanklik is van die Vader?*

**AFRIKA-EKUMENE**
**Mosambiek** | *Kosbare werk agter die skerms – 'n kragtige getuienis*

**ALGEMEEN**
**NG Dewetsdorp** | *James Bond van ouds gooi draai in Dewetsdorp*

**ALGEMEEN**
**Lesersbrief** | *Met groot waardering*

NUUT
## 08 UIT DIE FAKULTEIT

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**Nina Müller van Velden** | *Teologiese dag 2024*

## 09 MEDIATEEK

**BOEK EN INVENTARIS**
**Johannes Knoetze** | *Evangelism. Perspectives from an African Context*

## 12 EKOLOGIE

**Wêreld-natuurlewedag** | *3 Maart*

## 13 AKTUEEL ALGEMEEN

**13** | CLF - Pinksterreeks 2024
**14** | Wêreldbiddag vir Vroue, 1 Maart
**15** | #Imagine, 21-23 Maart
**16** | Advertensies

## 17 VERJAARSDAE

## 19 OPLEIDING

## 21 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 22 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Hennie van der Walt
Nina Müller van Velden
Gerhardt Wessels
*VrydagNuus/Getuienisaksie*,
Kaapkerk | *Alexforbes* | *CLF*
*Bybelmedia* | *Kerkbode*

---

## LYDENSTYD

**Matt 17:1-8** | Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

*(Oorgeneem by NGK Durbanville-Bergsig)*

## DAGBOEK DÍT

***13 MAART** | 09:00-12:00
**Gerontologie Netwerk bied aan:** *Voel jonger en gesonder omdat jy kan* - **met RSG-aanbieder van** *Word immer-groen oud*, **Annie Coetzee.** Skakel in - **RSVP NOU!**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 15 Maart**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.


# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za



Helpmekaar Vrystaat Beursfonds (Foto: Canva)

ONDERSTEUNING

# DIE HELPMEKAAR BEURSFONDS - SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Die wesenlike doel van die Helpmekaar Beursfonds in die Vrystaat is om studente te help om hul studies te voltooi en produktiewe lede van die gemeenskap te word. Hierdie hulpverlening moet ook volhoubaar gedoen word en as teken dien dat ons mense is wat vir mekaar omgee en mekaar help. As jou hart saam met ons warm klop vir hierdie saak en jy ook graag studente wil bystaan met hul studies, wil ons jou uitnooi om van hierdie platform gebruik te maak en saam met ander 'n verskil te maak."*

***Tertius Botha***
***Administrateur: Helpmekaar Beursfonds***

Danksy hierdie 107 jaar-oue beurs kon duisende studente al sedert 1917 akademiese kwalifikasies verwerf waarmee hulle 'n loopbaan kon ontwikkel. Dit beteken dat daar vir elke beurshouer die geleentheid gebied word om 'n mooi loopbaan te bou – iets wat van onskatbare waarde is in die ekonomiese klimaat van vandag.

Tydens verlede jaar se Zoom-vergadering was ons verstom oor die wye spektrum van studievelde wat daar verteenwoordig is. Tientalle beurshouers het op die skerm verbygegly terwyl hulle hulself bekendgestel het – die LLB-student Geraldine in haar derde jaar, die eerstejaarstudent Emma wat verpleging studeer, Wikus die argitektuurstudent in sy tweede jaar, die derdejaar Luan wat aktuariële wetenskappe studeer en nog vele meer. Ds Barnard Steyn was die gesprekleier.

Lees meer »

NG Kerk
Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT

**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het **92 studente** aangeklop
Daar is slegs **R 12 855 per student** beskikbaar



**SKENK VANDAG**

### DONASIES

**NG Kerk Vrystaat**
**Nedbank**
**Takkode: 198765**
**Rek: 1178 097 218**
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

VISIONERING




*Mariëtte Odendaal*

Taakspan Vrouebediening

**“Ons sien weer kans vir die lewe en al sy uitdagings ...”** »

VENNOTE IN GETUIENIS



*Mariëtte Odendaal*

RFF | Deel 5 van 7

**Goeie bestuur - die sleutel tot ’n meer volhoubare kerk en kerklike instansies** »

VENNOTE IN GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Kan Jesus God wees as Hy oënskynlik afhanklik is van die Vader?** »

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

Mosambiek

**Kosbare werk agter die skerms - ‘n kragtige getuienis** »

ALGEMEEN



*Mariëtte Odendaal*

NG Dewetsdorp

**James Bond van ouds gooi draai in Dewetsdorp** »

ALGEMEEN



*Mnr Hennie van der Walt*

Lesersbrief

**Met groot waardering** »

Healthcare

# National Health Insurance Insights

## Frequently asked questions



### What is NHI and what is it's purpose?

NHI is centralised fund responsible for the purchasing of health services on behalf of the citizens and other qualifying residents of South Africa. It is important to note that NHI is responsible **ONLY** for the payment for the delivery of health services – it cannot own any health infrastructure, employ any doctors or be responsible for the delivery of care in any way.

### How will the NHI be funded? How will the government collect contributions?

The NHI Bill does not provide specific details on the funding model to be used. The Bill alludes to various sources of income that may be used to fund health care services, which include general tax revenue, reallocation of funding for medical scheme tax credits, payroll tax and surcharge on personal income tax. It has also been suggested that the Bill will be funded through mandatory prepayments (a term that is defined as compulsory payment for health services before they are needed in accordance with income levels).

### What is Alexforbes' position on NHI?

Alexforbes supports the noble initiative of Universal Health Care Coverage to make good quality, affordable health cover accessible for all South Africans, of which the NHI is one such mechanism. Alexforbes has concerns however regarding the NHI model as is currently being proposed. There are still many issues being proposed that are still to be determined later. Alexforbes is specifically concerned about the NHI's funding model and the prescribed health care services and programmes that will be covered under the NHI. For employers, key considerations in terms of NHI will include reviewing organisational strategies that align its benefits to the proposed mandatory requirements of the NHI, as well as provisioning for the possible subsidisation funding / or duplication of costs (in instances where an employee opts to continue to use private medical schemes) to support these policy changes. Greater flexibility will need to be considered. It has never been more imperative to ensure the right Intermediary support to aid in an employers readiness for NHI.




# Gerontologie

Betekenisvolle **veroudering**

## **PRAKTIESE RIGLYNE** VIR GEMEENTES EN INSTANSIES

Vir die SINVOLLE GEBRUIK van die GRATIS DIENS wat die **Netwerk vir Gerontologie** van die NG Kerk Vrystaat lewer, rakende 'n SINVOLLE SENIORBEDIENING.

NG Kerk Vrystaat

**RIGLYNE »**

**Ds Jors** Reynders

*082 783 0730 | jomarey@mweb.co.za*

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# TEOLOGIESE DAG 2024

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Nina Müller van Velden**
*Dosent: Nuwe Testament, Departement Ou en Nuwe Testamentiese Studies*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | UFS Theology and Religion

Op 12 Februarie 2024 het die Fakulteit Teologie en Religie (FTR), Universiteit van die Vrystaat, die akademiese jaar afgeskop met die gebruiklike Teologiese Dag: 'n Ontmoeting van spiritualiteit, aanbidding en kritiese gesprek aan die hand van 'n gekose tema. In die lig van die 30 jaar-viering van demokrasie in Suid-Afrika is die geleentheid gerig deur die tema "The end of democracy? Theological perspectives". Studente, dosente, personeel, kerklike verteenwoordigers en lede van die breër UV-gemeenskap het in die Odeion-ouditorium ontmoet vir hierdie hoogtepunt-geleentheid.

Die aangewese dekaan van die Fakulteit, prof John Klaasen, het die erediens gelei. Op 1 April 2024 sal hy amptelik die leisels oorneem by die waarnemende dekaan, prof Lodewyk Sutton.

Getrou aan sy Anglikaanse wortels, het hy aan die hand van die Bergrede (Matteus 5:1-16) 'n ryk liturgie van gebed, belydenis en oordenking gelei. Die gehoor is uitgenooi om vanuit 'n plek van afhanklikheid van God en binne die kontoere van aanbidding na te dink oor die beloftes van God se seëninge – juis in 'n land waar hopeloosheid en hulpeloosheid die meerderheid se realiteit is.

Tydens die tweede deel van die verrigtinge was prof Heinrich Bedford-Strohm, president van die Wêreldraad van Kerke (World Council of Churches, WCC), aan die woord. In onderhoudstyl, gelei deur prof Henco van der Westhuizen (FTR), het die gehoor 'n blik gekry op die werksaamhede van hierdie wêreldwye ekumeniese liggaam, wat 352 lidkerke van meer as 120 lande verteenwoordig – ongeveer 580 miljoen Christene regoor die wêreld. Opmerklik was sy klem op die werk van eenheid te midde van diversiteit, as 'n broodnodige getuienis in die huidige wêreldwye sosiale en politieke klimaat waar verdeeldheid en konflik by die dag toeneem. Dit is juis ook waarvoor die WCC hulself beywer, gerig deur 'n sterk fokus op getuienis, evangelisasie en diens.

Die laaste deel van die program was 'n insiggewende voordrag deur prof Bedford-Strohm, waar hy met 'n sterk teologiese en evangeliese klem die gehoor uitgenooi het om na te dink oor demokrasie, en veral die getuienis van Christene binne politieke geleenthede soos verkiesings.

Lees meer »

# *EVANGELISM*

## ***Perspectives** from an African Context*


Prof Johannes **Knoetze**

*FEBRUARY 2024 / BARNABAS PUBLISHERS*
*ACADEMIC & THEOLOGY / ENGLISH / SOFTCOVER*

*"Evangelism – Perspectives from an African context consists of a collection of essays reflecting on different facets of evangelism. Even though evangelism could, and should, be seen as the core element of the church's calling to witness (martyria) or its missional identity, it has become a contentious subject. It is often neglected in theological institutions as well as in church practices. This publication ventures in highlighting the importance of evangelism and does not hesitate in engaging with relevant issues. To name but a few: shedding evangelism's connotation with "imperialism/colonialism" deriving from a "Christendom" era; the relation between evangelism and dialogue between faiths; bridging the divide between evangelism and social engagement (diakonia) and evangelism in and through local congregations. It also touches on evangelism in a post-Christendom era and the re-evangelisation of Europe. However, the book's main contribution is its focus on distinct features of evangelism in specifically African contexts. Esteemed scholars from Africa, and two from Europe, contributed to this book. It is skilfully edited by Prof Johannes Knoetze. Covering a range of vital topics related to evangelism, this book is poised to capture the interest of a broad readership. The primary contribution of this collaborative effort lies in the diverse perspectives it provides on the main areas of evangelism that form the four parts of the book: "Theological perspectives on evangelism", "Evangelism and other religions / faiths / worldviews", "Evangelism as a holistic approach", and "Evangelism in specific contexts"."*

***Oorgeneem uit** shop.clf.co.za*

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS




## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# GRATIS

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

# Voel **jonger** en **gesonder** *omdat jy* **KAN**

met Annie Coetzee



*RSG*-aanbieder van ***Word immergroen oud***

**WOENSDAG 13 MAART 2024**

**ENGOSAAL, WESTERBLOEM**

**09:00** AM – **12:00** PM

## SUB-TEMA'S

1. Kreatiewe wenke vir jou DENKE
2. Gaan LEEF nou die gesonder jy

**Skakel in**
**bit.ly/gerontologienetwerk**

**082 783 0730**
**WhatsApp "JA" om te RSVP 6 Maart**

‘n Uitnodiging na ‘n gesprek oor

# MEERVOUDIGE STANDPLAAS BEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

**Vanaf 12:00 tot 15:00**

*Ons eet middagete saam*



**NG Gemeente Pellissier**

*Vlakfonteinlaan 6*
*Pellissier*
*Bloemfontein*
*9301*

19 Dinsdag Maart




## RSVP

**12 MAART**

Sandra
051 422 4010
ngk@ngkerkpellissier.co.za




**3 Maart 2024**

*Oorgeneem uit **www.un.org***

**Kom ons vier op Sondag 3 Maart saam met die res van die wêreld ons pragtige natuur.** As Suid-Afrikaners is ons baie bevoorregd om een van die mees biodiverse fauna en flora ter wêreld te hê. Dink maar net aan ons unieke fynbos-areas en die groot vyf wat in verskeie van ons natuurparke te sien is. Wêreldwyd maak mense staat op die natuurlewe en biodiversiteits-gebaseerde hulpbronne om in hul behoeftes te voorsien – van kos tot brandstof, medisyne, behuising en klere. Vele organisasies fokus daarop om te verseker dat ekosisteme kan floreer en plant- en dierespesies vir toekomstige geslagte kan voortbestaan. **Wêreld-natuurlewedag** bied aan ons die geleentheid om ons besondere Suid-Afrikaanse fauna en flora te vier en mense bewus te help maak van die vele voordele wat die bewaring van ons kosbare natuurlewe aan die mens bied. Terselfdertyd herinner dié dag ons daaraan om die stryd teen misdaad teen ons mooi natuurlewe op te skerp en die menslik-veroorsaakte afname aan spesies te beveg. Kom ons vier hierdie besondere dag en die belangrike bewaringswerk wat regoor die wêreld in hierdie verband gedoen word.

United Nations

**Lees hier »**


2024
Pinksterreeks
Pentecost series
NUUT
PINKSTERREEKS
PENTECOST SERIES
https://clf.co.za/resource-toolkit/
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af / Download it from CLF's Resource centre
CLF


Naby die kruis
'n Stilword-reis oor Jesus se lyding
Die sewe persoonlike luister-meditasies sal jou diep bewus maak van die betekenis van Jesus se lyding vir jou lewe.
Klik hier en bestel vandag!
BM
Bybel-Media
Naby die kruis
'n Stilword-reis oor Jesus se lyding
Willem Nicol



**1 MAART 2024** | LITURGIE

Saamgestel deur Palestina

# WÊRELDBIDDAG VIR **VROUE**

‘Ek dring aan ... verdra mekaar in liefde’

*Oorgeneem uit Kerkbode / 31 Januarie 2024 / Nuus*

## EFESIËRS 4:1-13

Hierdie teks uit **Efesiërs 4:1-13 is die tema** waaroor miljoene Christene wêreldwyd gevra word om saam te bid tydens die ekumeniese **Wêreldbiddag vir Vroue wat vanjaar val op Vrydag 1 Maart**. Die vroue van Palestina se Wêreldbiddag-komitee het die tema gekies.

- **Lees meer** hier via ***Kerkbode***



*Foto’s: worlddayofprayer.net*

## INLEIDING

Efesiërs word as een van Paulus se "gevangenis-briewe" beskou, wat hy omstreeks 60-61 nC in Rome geskryf het. Paulus skryf hierdie brief om die geloofs-gemeenskap in Efese te versterk deur hulle weereens aan God se reddende genade en Sy roeping te herinner. Die Gees roep ons om deel van die Liggaam van Christus te wees. Die Gees roep ons nie net nie, maar bind ons ook as 'n eenheid in die kerk saam. Hy moedig ons tot getuienis en dienslewering in die gemeente aan. Die eerste drie hoofstukke van Efesiërs bespreek God se verlossingsplan en die gawe van eenheid in die gemeente, terwyl die laaste drie hoofstukke die gelowiges se reaksie op God se verlossingsplan beskryf.

### Efesiërs 4:1-3 (1983 vertaling)

1 Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. 2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

**Bankbesonderhede** | **Wêreldbiddag vir Vroue**

ABSA • Menlynpark, Pretoria • Spaarrekening: 380 9899 2038 • Takkode: 520 345

VIBE - EXPLORE - MOKETE - KUIER - PRAISE




# imagine



## 21 - 23 MARCH 2024

### FREE STATE

NAMPO PARK, BOTHAVILLE

CHRISTIAN CAMP FOR TEENAGERS AGED 13-18 YEARS




TICKET PRICE R650-00 EXCLUDING TRANSPORT


WORSHIP - ENCOUNTER - VRIENDE - FUN



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »




Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## MAART

**3** Ds Richie Kemp
BETHLEHEM-EUREKA

**4** Mev Miriam Sebolai
MOOIGENOEG KAMPTERREIN

**5** Ds Willie Griesel
HERTZOGVILLE

**5** Ds Ian Jonker
PARYS-OOS

**8** Ds Deseré Meyer
HOOPSTAD

**9** Ds Ettienne Engelbrecht
HEUWELSIG

**11** Ds Lood Oliver
WELKOM-NOORD

**12** Dr Danie Kleynhans
LADYBRAND

**14** Ds Rudo Strydom
HENNENMAN

**15** Ds Anneri Viljoen-Potgieter
HUGENOOT

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat


’n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## DIE JAAR VAN GOD SE GENADE PAASTYD

12 - 13 Maart

20 VBO-punte

Aanlyn-aanbieding
R110 p/p

Lees meer +
**Registreer** +



## ENNEAGRAM-KURSUS

14 - 15 Maart

12 VBO-punte

Aanlyn-kursus
R1 300 p/p

Lees meer +
**Registreer** +



## ONDERRIG VAN ONS JEUG

23 / 24 April

5 VBO-punte

Pretoria / JHB
R175 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## CALL FOR PAPERS KONFERENSIE

28 - 30 Augustus

Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie en Religie
R500 p/p

Lees meer +
**Registreer** +

COMMUNITAS

IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag @* ***agenbag1@sun.ac.za***

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE







**Publikasie**

*Stil-Weg*


*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*




**Publikasie**

*Speaking Power to Truth*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*




**Publikasie**

*Christ's Love*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

## BROKKIES UIT kerkbode

**NG Kerk hoef stééds nie te skeur, sê Lubbe ná regslui gemeentes se 'aktes van opskorting' kap en as 'vreemd aan die Kerkorde' bestempel**

*Kerkbode / 29 Februarie 2024 / Gewild, Nuus*
*Le Roux Schoeman*

**'Neem tyd en wees versigtig': Jan Lubbe oor kerkverband en kerkskeuring**

*Kerkbode / 29 Februarie 2024 / Nuus*

**Stories dryf soeke na aansteeklike hoop vir plattelandse dorpe**

*Kerkbode / 22 Februarie 2024 / Gewild, Nuus*
*Le Roux Schoeman*

VIDEO
**Moderator se voorbeeldlys van dinge wat gemeentes rééds doen om gemeenskappe op die platteland te help**

*Kerkbode / 9 Februarie 2024 / Nuus*

VIDEO
**In SA kan ons voorveronderstellings afbreek – Betereinders**

*Kerkbode / 21 Februarie 2024 / Gewild, Nuus*
*Le Roux Schoeman*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN HIER**

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEVESTIGING** | Proponente Anton en Melissa Jacobs het die beroepe as medeleraars na die NG Gemeentes Lindley en Arlington (wat 'n samewerkingsooreenkoms met mekaar het) aanvaar. Hulle word op Vrydag 1 Maart 2024 in die gemeentes ontvang en bevestig met handoplegging. Die erediens vind om 17:30 plaas in die kerkgebou van Arlington-gemeente.

**EMERITAAT** | Dr Hannes de Kock van NG Gemeente Bethlehem-Noord het op 29 Februarie 2024 emeriteer. Ds Dougy Bubb (voorsitter) het namens die Ring van Bethlehem aan dr Hannes sy Akte van Demissie by Emeritaat, ná sy afskeidspreek op Sondag 25 Februarie 2024, oorhandig.

# Hoop vir jou pad,
## *sterker as vrees vir omstandighede*

***Deur** ds Gerhardt Wessels,*
*leraar van NG Gemeente Kroonstad-Suid*




***Foto: Ds Gerhardt Wessels** (verskaf)*

Vrees is baie mense se daaglikse metgesel. Gelukkig is ons hoop in God sterker as vrees. Maar dan moet hoop voortdurend groei en nagestreef word. Ons moet op God gefokus wees.

Om op God te hoop, beteken nie 'n ontkenning van die realiteite van ons dag nie. Glad nie; dit beteken wel dat hoop rekening hou met 'n nuwe werklikheid – God se werklikheid. Dit wat onmoontlik lyk en voel vir ons, kom maak God moontlik.

> *"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My."*
>
> JOHANNES 14:1 AFR83

Hoop verskuif ons uitkyk gedurig na die wêreld van God. Die hoop kom her-fokus ons aandag op God te midde van ons eie uitdagings en worstelinge met ons probleme in die lewe. Dit laat ons 'n nuwe toekoms sien; hierin sien en vind ons hoop.

Hoop is om Christus hier en nou te vertrou met ons hele lewe, met elke aspek daarvan, asook met daardie lewe wat wag in sy nuwe wêreld, die ewige lewe. Daarom laat hoop ons ook stroomop leef, nie maar net 'n maklike lewe nie, maar 'n lewe met doel en fokus geleef.

Hoop laat ons te midde van twyfel, vrees en ongeloof volhard in God se rigting, om Hom voor oë te hou. Selfs as ons struikel – en die werklikheid is, dit gaan die een of ander tyd wel gebeur – hou hierdie vlam van hoop nie op met brand in ons hart nie. Keer op keer rig dit ons weer op God se hand wat hoop bied vir ons.

Hoop sien uit na 'n ander moontlikheid as waarin ons ons bevind. Dit vra van ons om God te soek, om ons oog gerig te hou op Hom, want ons lewe is in Hom en deur Hom.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

DEPARTEMENT
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING